# Die verskillende Name en betekenisse van God se Name in die Bybel.

**Donderdag 25 Augustus 2022**

**<u>Ps 34:4</u> "**Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy **Naam** prys."
**<u>Bronne</u>: Feenstra, JG 1972 Leer en Lewe. p144**

**Wyle ds. Feenstra sê die volgende oor name.**
"In die Heilige Skrif het die naam van iemand ryke betekenis en gee dit uitdrukking aan die wese en karakter van die draer. 'n Naam sê iets, openbaar iets. God het Homself geopenbaar, Homself genoem sodat ons Hom kan leer ken. Deur sy Name sê Hy aan ons wie Hy is."
*(Feenstra. 1972:144)*

**Vir baie moderne mense het name weinige betekenis**. Daarom is daar verskillende motiverings van naamgewing. Mense gee aan hulle kinders name weens verskillende redes.

- Sommige gee familiename om so die tradisionele familie-geskiedenis in ere te hou.
- Sommige gee name weens sekere karakter-eienskappe.
- Sommige gee name bloot omdat dit vir hulle 'n mooi naam is.

**In Romeo and Juliet kom die volgende frase voor: "What is in a Name?** That which we call a rose. By any other name would smell as sweet." *(Spoken by <u>Juliet</u>, Act 2 Scene 2)*
Is 'n naam dan nou so belangrik? Vir mense sekerlik nie. Alhoewel jou naam gedagtes, emosies en karaktereienskappe van jou voortbring.
**In Bybelse terme as ons name noem kom daar dadelik baie gedagtes op:**

- Moses – hy het die Israeliete uit Egitpe gelei.
- Saul – hy was die eerste koning van Israel.
- Petrus – 'n belangrike apostel wat altyd eerste wou wees, op die water loop ens.
- Judas – hy het Jesus verraai.
- Maria – die aardse moeder van Jesus Christus.

**Die Naam van God is baie belangrik.** As ons God se Naam of verskillende Name noem soos wat Hy homself in die Bybel aan ons openbaar, moet ons die name reg, met die nodige respek en eerbied gebruik. Want God is heilig en moet altyd as heilig aanbid word. Trouens die derde gebod handel juis oor sy Naam.
**<u>Ex 20:7</u>** "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie."

**"Die Hebreeuse woorde wat met misbruik vertaal is, beteken letterlik: tot nietigheid (ydelheid) ophef."** *(De Bruyn. PJ 2008 Die tien gebooie. p71)* Dit beteken letterlik dat ons God se Naam nooit ligtelik mag gebruik, mee spot, as kragwoord gebruik of sommer net argeloos, onnadenkend gebruik nie.

**God het Homself aan Moses openbaar** in **<u>Ex 3:14</u>** **"Ek is wat Ek is."**

As jy God se Naam noem, dan is dit veel meer as net 'n Naam, dit is God self wat jy van praat. Gebruik dus altyd God se Naam of Name waarmee Hy homself openbaar met die grootste respek en eerbied, want jy is met God self besig.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1@gmail.com</u>***